# VAN TEKORT NA TERUG IN HOSHEA 2

**Die woord "NIE" of "SONDER"** (Heb: "Lo") kom 15 keer in Hoshea 2 voor ... dui op die groot TEKORT wat die volk oor haarself gebring het, deur die rug op Yahweh te draai – profetiese agtergrond: dogter (Lo-Rugama) en seun (Lo-Ammi), by die losbandige vrou, Ghomer (naam beteken: "einde van die pad").

**NIE GETROUD NIE**. Hos 2:2 Sy (julle) is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, laat sy haar hoerery verwyder en haar owerspel van haar borste af weg neem.

**NIE BEKLEE NIE**. Hos 2:3 Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn.

**NIE ONDER ONTFERMING NIE**. Hos 2:4 En Ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore.

**HAAR PAAIE NIE VIND NIE**. Hos 2:6 Daarom, kyk, Ek sal jou weg met dorings toemaak en om haar 'n muur bou, sodat sy haar paaie nie sal vind nie.

**HAAR MINNAARS NIE VIND NIE**. Hos 2:7a En sy sal haar minnaars agternaloop, maar hulle nie inhaal nie; en sy sal hulle soek, maar nie vind nie.

**NIE VOORSPOEDIG NIE**. Hos 2:7b Dan sal sy sê: Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man, want toe het ek dit beter gehad as nou.

**NIE ERKEN NIE**. Hos 2:8 Sy het nie erken dat Ek aan haar die koring en die mos en die olie gegee het nie, en silwer en goud vermenigvuldig het.

**NIE GERED NIE**. Hos 2:10 Ek sal dan nou haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars, en niemand sal haar uit my hand red nie.

**NIE FEESVREUGDE NIE**. Hos 2:11 En Ek maak 'n einde aan al haar vreugde, haar feeste, haar nuwemane en haar Shabbatte, ja, aan al haar feestye.

**NIE ONTHOU NIE**. Hos 2:13 Sy het vir Baáls offerrook laat opgaan, haar modieus versier en haar minnaars agternageloop het; maar My het sy vergeet, sê Yahweh.

**14 -23 KEERPUNT … Yahweh praat na haar hart**, en dan: materiële voorsiening (wingerde 15); deur van hoop (15); toewyding soos vroeër (jeug 15); Yahweh as man (16); veiligheid en rus (17); drievoudige verlowing (geregtigheid, goedertierenheid, ewigheid 19, dus: langtermyn); nuwe vlak van Yahweh ken (20); drievoudige verhoring oor plekke (hemel, aarde, Yisreël 21-22); drievoudige verhoring oor produkte (koring, mos olie 21-22 – GEBED!); drievoudige seën (saai, ontferm, sê) – dus: LEWE!

**Net twee NIE's** ná die keerpunt: (1) Sy sal Yahweh NIE meer haar Baal noem nie, (2) Die name van Baáls sal NIE meer uit haar mond gehoor word nie … Lo Ammi en Lo Rugama word Ammi en Rugama!! Die TEKORT, wat vir Yiesraél na die einde van die pad gelyk het, het verander na 'n TERUGKEER, en die begin van 'n totaal nuwe pad!